Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

VIR DIEGENE GEWOOND AAN DIE BESTE Forrer SE WYNE

# Die O.B.

VIR U VRIENDE VIR U GASTE EN VIR U Forrer SE WYNE

DERDE JAARGANG. | WOENSDAG, 30 AUGUSTUS 1944. | No. 41.

## O.B.-Noodhulp Dra Reeds Slag-Offers van Nuwe Arrestasie-Woede

### Vakbonde Moet Gesterk Word sê K.G.

**„Ek gee u vanaand die versekering dat daar nie 'n hofsaak sal kom wat die O.B. in die Mentz-saak skuldig sal vind nie, omdat dit nie die O.B. is wat dit gedoen het nie," het die Kommandant-Generaal, dr. Hans van Rensburg, verklaar toe hy op 19 Aug. 'n Noodhulpfunksie te Brakpan toegespreek het. Die politici het egter hierdie voorval met albei hande aangegryp om 'n nuwe ultimatum teen die O.B. uit te vaardig, en ook om vir die regering „sa!" te skree. Die gevolg is dat 'n nuwe vlaag van vervolging oor ons koppe losgebars het. Elkeen wat maar enigsins verdink word van 'n S.J. te wees, word in die tronk gestop. Van die ses man is reeds 25 gevang en die res sal glo nog volg" het die K.G. onder gelag gesê.**

Hierdie nuwe vlaag van arrestasies herinner spreker aan 'n vorige keer toe dr. Malan in die Paarl ook „sa!" geskree het en dit gevolg is deur die opsluiting van 400 Afrikaners, die meeste van wie in die konsentrasiekamp beland het.

**„Net soos die Noodhulpfonds vir die vrouens en kinders van daardie mans gesorg het en nog sorg, so sal hy ook vir die afhanklikes van hierdie jongste slagoffers sorg. Hierdie manne se gesinne word reeds vanaand al deur die Noodhulpfonds gedra,** (toegejuig). Ons vyande kan daarvan verseker wees dat hulle die Afrikanervolk nie deur hierdie vervolging sal breek nie. Dit is tog lankal duidelik dat die doel van die interneringsbeleid nie is om die staat teen gevare te beskerm nie, maar wel om die Afrikanervolk te intimideer. En ons weet ook dat dit nie net waarheidsridders is wat Afrikaners uitgelewer het nie, ook hier op die Rand."

Dr. Van Rensburg het voorts dr. Malan se jongste uitskopbevel behandel en sy gehoor aangeraai om nie te kies nie. „Laat hulle u uitskop as hulle wil. Vir vyf jaar het u binne die O.B. die spit afgebyt in die republikeinse stryd. **Die O.B. het dus die beste Afrikaners in sy geledere getrek. As die politici nou sulke mense wil uitskop is dit hulle saak."**

BOER EN WERKER

Voortgaande het die K.G. gesê dat die O.B. in die komende jaar sy kragte aan die arbeidsfront gaan wy omdat die meeste moeilikheid in die toekoms daar kan verwag word. **Die idee van die Arbeidsfront is juis om die hele volk agter die Afrikanerwerker te skaar en om die werker agter die plattelandse boer te skaar. Gelukkig het die O.B. reeds 'n hegte saamhorigheidsgevoel tussen die plattelander en die stedelike werker gewek.**

**Die Ossewabrandwag wil nie die vakbonde vernietig nie en sal liewer sy lede vra om by vakbonde aan te sluit as om daaruit te bedank, want dit is die werker se enigste wapen op die oomblik teen kapitalistiese uitbuiting.**

Die K.G. het ook verwys na die Transvaalse H.N.P.-leier se onlangse opmerking dat die O.B. kommunisties word omdat die O.B. ook vir die werker, soldaat en boer seggenskap in die regering wil gee. **„Hierdie H.N.P.-leier wil die werker en soldaat se stem hê maar wil nie vir hulle seggenskap gee nie."**

Dr. Van Rensburg het in hierdie verband ook melding gemaak van 'n reeks artikels wat in die afgelope tyd onder die naam van Dulcie Hartwell in „Die Huisgenoot," 'n hoogstaande kultuurblad en die steunpilaar van die H.N.P. se perswese, verskyn. Sy is 'n medewerkster van Solly Sachs en is bekend vanweë haar kommunistiese gesindheid. Haar artikels word nie alleen in „Die Huisgenoot" opgeneem nie maar dit word selfs vooraf deur die redakteur van die blad aangeprys. „Ek vind daar niks verkeerd mee nie, maar stel u voor wat sou gebeur het as „Die O.B." hierdie artikels sou geplaas het."

Die vergadering is gelei deur genl. J. G. A. du Toit wat ook die middag die funksie geopen het en hoofgenl. G. Puren het met gebed voorgegaan. Die funksie moes in die buitelug gehou word en wel op 'n plek wat nie maklik te voet bereikbaar is nie, aangesien sale vir die O.B. geweier word. Dit het die K.G. die opmerking laat ontval dat die aanklagkantore nog die enigste geboue is wat vir die O.B. oopstaan. — (Korr.).

## Houtplaag Brei Uit

**„Ondersoek" nog „Gedeeltelik" in die Verskiet.**

**Volgens mededeling aan die pers deur dr. E. G. Nel, Insektekundige in die Departement van Landbou, word die Italiaanse kewer nog steeds op nuwe plekke ontdek. Aanvanklik is gemeen dat hy net beperk is tot 'n kolletjie in die Kaapse Skiereiland, maar nou is sy teenwoordigheid ook op Kuilsrivier opgemerk. Dr. Nel spreek die mening uit dat daar „moontlik" 'n opname van die omvang van hierdie plaag gemaak sal word. „So 'n ondersoek," het hy gesê, „is nie meer heeltemal in die verskiet nie." As amptenaar kan dr. Nel natuurlik net aanbevelings maak by die demokratiese bewindhebbers, en die publiek weet al hoe dr. Nel hom oor hierdie nuwe bedreiging verontrus. Sy beywering het ten gevolge gehad dat die demokrate glo nou darem verpligte regulasies oor die behandeling van timmerhout teen die kewer „onder bespreking" het. Uit ervaring weet ons dat „bespreking" die hoogtepunt van demokratiese optrede vorm. Nadat die plaag ver meer as 'n jaar gelede ontdek is, het die lustelose klomp demokrate nou darem so ver gevorder dat hulle die bedreiging begin „bespreek". Oor 'n paar maande — indien ons wil deurgaan vir optimiste — kan 'n „voorstel" om die gevaar te ondersoek, verwag word, en daarmee sal die demokrate 'n nuwe jaartaak verrig hê. Dan sal dr. Nel kan aankondig dat die bestryding van die gevaar „nie meer heeltemal in die verskiet is nie." Suid-Afrika se redding sal egter heeltemal in die verskiet bly tot tyd en wyl 'n gesagstaat verrys wat deur optrede gekenmerk sal word en nie deur „besprekings" nie.**

## Voedsel na Engeland Uitgevoer Terwyl Volk Gebrek Ly

**Die skandaal in verband met die Unie se voedseltekorte blyk soveel ernstiger in die lig van gegewens verstrek deur die Britse Ministerie van Voedsel. Dit blyk dat die Unie geweldige voorrade van sy produkte na Engeland en die vreemde uitvoer onderwyl daar in die land 'n nypende tekort aan dergelike voedselsoorte is.**

**Engeland het in die Unie bestellings geplaas vir 219 miljoen pond blikke vleis en groente, waarvan reeds 15 miljoen gelewer is. Van die ingemaakte voedselsoorte sal slegs 33 miljoen pond tot beskikking van die Unie se eie bevolking geplaas word, d.w.s. minder as een-agtste, en dit wanneer huisvroue uit wanhoop al dreig om die regering se koelkamers te bestorm vir kos.**

**Van die gekondenseerde melk (30 miljoen pond), ingemaakte groente ($5\frac{1}{2}$ miljoen pond) en ingemaakte vrugte (39 miljoen pond) sal hierdie jaar minder as $7\frac{1}{2}$ persent vir gebruik in die Unie beskikbaar wees.**

**Op hoe 'n reuse-skaal voedsel deur die Departement van Verdediging opgehoop word, blyk uit die jongste stap van die regering waarvolgens die leër weekliks 'n halfmiljoen pond blikkies vleis aan die publiek gaan verkoop „vir solank die huidige tekort duur."**

**Daar is ook kort gelede in die regeringspers 'n beroep op stedelinge gedoen om hul eie groente te plant met die oog op die groot voorrade groente wat vir oorlogsgebruik die land uitgevoer sal word en die tekort wat dientengevolge gaan ontstaan.**

### JEUGOFFER

Cornelia Dumas van Kuilsrivier het 'n pakkie aan komdt. Pereira gestuur; dit is opgemaak uit spaarpennies van haar sakgeld op kosskool en bevat die mooi bedraggie van £2-8-9. Dit gaan alles vir daardie maatjies wie se pappies geïnterneer is.

### WIL NIE SAAM WERK.

**Met verwysing na die Ossewabrandwag, het dr. Malan op 25 Augustus te Malmesbury die volgende uitlating gedoen, wat beskou kan word as sy antwoord op dr. Van Rensburg se aanbod tot samewerking van 22 Junie: „Met die metodes van Tsjaka en Dingaan en van Chicago se onderwêreld het die H.N.P. nog nooit iets te doen gehad nie. Om nou te vra om die H.N.P. te koppel aan organisasies soos die van dr. Van Rensburg dan sê ek: ‚Nee, nogmaals nee'."** (Die Burger, 26 Augustus).

### SPEURDERS SOEK WYD

Na Die Vaderland berig het die speurdiens van Johannesburg tot verlede week reeds 26 persone in die tronk laat opsluit in verband met die Mentz-voorval. **Vier van hulle is intussen weer vrygelaat, o.a. mnr. H. W. Kammeyer nadat hy 22 dae lank opgesluit was.**

Slegs een persoon is uiteindelik aangekla voor die hof. Die saak kom op 4 September voor.

### HUL ANTWOORD

Onderstaande brief is tipies van die reaksie in die O.B.-kringe teen dr. Malan se sinlose oorlogsverklaring kort gelede, toe hy O.B.-lede opgeroep het om hul organisasie te bedank:

„Ingesluit 'n tjek vir £16-4-0 synde vir O.B.-Noodhulpfonds deur my kommando gestuur. Dit is die antwoord wat Lichtenburg se O.B.'s gee aan die Malan-politici se aanvalle op die O.B.-Noodhulpfonds.

(get.) R. G. B. Immelman."




JOHAN HEFER

BINNE 10 DAE

NADAT U MET MY KURSUS BEGIN HET, SAL EK BEWYS LEWER OM 'N NUWE MAN VAN U TE MAAK OF U FOOIE TERUG TE BETAAL.

- Geen ander kursus kan u hierdie waarborg gee nie.
- 15 jaar se ondervinding en studie van die menslike liggaam stel my in staat om u die beste afrigting per pos te gee.
- Hierdie kursus is die beste en goedkoopste (vir sy hoë gehalte) in die wêreld.

- Dit is oorspronklik, volledig, modern en pragtig geïllustreerd.
- U ouderdom of ambag is geen hindernis nie.
- Geniet die lewe deur gesond en sterk te wees.
- Baie Springbok-atlete en Kampioen Sportsmanne in die land is Hefer-leerlinge.

Skryf om besonderhede aan:

JOHAN HEFER — Posbus 8809 — JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.

Naam ........................................

Adres ........................................

........................................

**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

*„Die daad is alles,
niks die roem...."*
*— GOETHE.*

Wil u 'n medeboumeester word van die grootste ekonomiese Volksmonument in ons land?

*Raadpleeg*

**ASOKOR BPK.**

Posbus 402, BLOEMFONTEIN.

**BETSJOEANALAND ! !**
**(VRYBURG)**

Direkteure: Senator I Raubenheimer en A. C. du Plessis.

**PLASE ! ERWE ! ! HUISE ! ! !**
**GELD ! ! !**

Wil u 'n plaas of huis koop of verkoop, huur of verhuur? raadpleeg die ou

BETSJOEANALAND (VRYBURG) STOCK FAIRS (EIENDS.) BPK.,
40(a) du Plessis Geboue, Markstraat.
Posbus: 170 — Telg.: „Fairagent."
V R Y B U R G.

**Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.**

**Schoemanello Drank....**

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOODKOOPSTE**

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kissie. | Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet), | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig) | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:— K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN,**
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

# *Brief Aan My Demokratiese Vriend*

Geagte Vriend,—Jy sal onthou dat ek nog kort gelede vir jou geskryf het dat die Ossewabrandwag geen wapen weggooi nie. In my brief van 19 Julie het ek as volg verklaar: „Enige wapen kan dus slaag namate die omstandighede dit vereis, maar die een groot vereiste is dat die HELE volk gemobiliseer moet word in een magtige beweging." Jy sou dus begryp het hoe belangrik die Kommandant-generaal se verklaring van 5 Augustus was toe hy te kenne gegee het dat die Ossewabrandwag moontlik self die leiding op hom sal neem by 'n aanstaande verkiesing. Dit beteken in die eerste plaas dat die Ossewabrandwag so vinnig gevorder het met sy mobilisering van die volk dat hy reeds begin dink aan die moontlikheid om 'n beslissende slag by die stembus te kan slaan. In die tweede plaas beteken hierdie verklaring dat die stryd by die aanstaande verkiesing waarskynlik nie sal gaan oor die een of ander „basterplakkaat" of vleisskema nie, soos ons dit in die partypolitiek gewoon was nie, **maar oor die vraag of Suid-Afrika langer uitgelewer sal wees aan die hulpeloosheid van die volksverdelende demokrasie. Dit sal 'n stryd wees tussen die partykramers aan die een kant en die volk aan die ander kant.**

**NIE REPUBLIKEINS**

Nou mag jy vra of die Ossewabrandwag nie in gevaar staan om self 'n party te word deur sy deelname aan die politieke stembus nie. Geen gevaar. **Toe Engeland destyds sy troepe na die Boererepublieke gestuur het om hulle te verower, was dit geen bewys dat Engeland republikeins geword het nie. Hy moes eers op republikeinse gebied kom om die Republieke te kan vernietig. So ook gaan die Ossewabrandwag sy volkstroepe stuur om die parlement binne te dring en die hele uitlandse stelsel dan te vervang deur sy eie eenheidstaat waarin die volk tot samewerking gemobiliseer sal wees en nie tot onderlinge twis en tweedrag soos in die partystelsel nie.** Buitendien is dit nie die HELE Ossewabrandwag wat na die parlement gaan nie, maar net enkele lede om daar 'n front te vorm. Die Ossewabrandwag as sodanig bly nog 'n buiteparlementêre volksbeweging. **Die Kommandantgeneraal en die Adjunk-kommandant-generaal sal b.v. nooit self as kandidate gaan staan nie.** Hulle sal net 'n afdeling van die volk stuur om die parlement te gaan verower, maar agter daardie afdeling gooi die Ossewabrandwag sy hele gewig net soos hy sy hele gewig inwerp agter sy Arbeidsfront.

**GOUER**

Hierdie stap het gouer gekom as wat ons aanvanklik gedink het. Die oorsaak daarvoor is in die eerste plaas die snelle vordering wat die O.B. se **Arbeidsfront op die oomblik maak waardeur ons binne kort in staat gestel sal word om die volle krag van die werkers agter die Beweging in te gooi net soos die O.B. weer sy volle krag agter die werker in sy besondere stryd sal inwerp.** Die O.B. staan in die beste geleentheid om die stryd in die stede te wen. Die H.N.P., by voorbeeld, kon in die jongste verkiesing slegs een stedelike setel verower.

In die tweede plaas is ons stap verhaas as gevolg van dr. Malan se nuwe skeurbeleid. Soos ek tevore vir jou geskryf het, is dit volstrek noodsaaklik dat die **hele** volk by 'n verkiesing gemobiliseer word . Dr. Malan kan hierdie belangrike punt nog nie raak sien nie. **In dieselfde week wat die sekretaris van sy party 'n oproep doen aan partytakke om hulle te beywer vir die werwing van meer lede, doen dr. Malan 'n beroep op dieselfde takke om alle O.B.-lede uit te skop! Hy is dus besig om sy party nog altyd kleiner te maak. Watter hoop het hy dan om die aanstaande verkiesing vir die Afrikanerdom te wen?** Sy optrede het die O.B. verplig om nou self die volle politieke leiding op hom te neem. Die stryd sal nou gaan tussen volksverdeeldheid en volkseenheid, tussen kapitalisme en sosialisme, tussen imperialisme en nasionalisme, tussen demokrasie en volksgesagstaat. Inderdaad 'n maklike keuse!

# *O.B.-Arbeidslaer Steun Mynwerkers Se Eise om Hoër Lone*

## *Weier Egter te Speel in Hande van Regering en Base*

**In 'n toespraak by geleentheid van O.B.-dagviering te Melville, Johannesburg, op 12 Augustus, het dr. P. J. Meyer verklaar dat die O.B.-arbeidslaer hom ten volle vereenselwig met die mynwerkers se eise om hoër lone, maar tegelykertyd gewaarsku teen 'n herhaling van die fiasko van 1922. Die stryd moet so gevoer word dat dit hierdie keer op 'n oorwinning sal uitloop.**

Dr. Meyer het 'n breedvoerige oorsig gegee van die stryd teen die Kamer en Departement van Mynwese wat sedert Oktober 1943 al aan die gang is om die aanstelling van 'n arbiter. „Die gevoelens loop hoog en daar is selfs sprake van 'n moontlike staking" het hy gesê. Die mynwerkersvertakking van die O.B.-Arbeidslaer het hierdie ontwikkeling noukeurig dop gehou. **Namens die O.B. se Arbeidslaer wil spr. dan ook verklaar dat die O.B. die mynwerkers heelhartig steun in hul billike eis om loonsverhoging. Uit sosialistiese oogpunt is dit niks meer as regverdig dat die mynwerkers wat met hulle gevaarvolle arbeid die winste vir die Kamer van Mynwese opbou, 'n groter aandeel van daardie winste sal verkry nie.**

Ons vertrou egter dat die bestuur van die Mynwerkersunie die ondersteuning van die O.B. teen die kapitalistiese mynbase reg sal begryp. Ons wys daarop dat die mynwerkers vandag die sterkste vertakking van die O.B.-Arbeidslaer uitmaak. **Hierdie mynwerkers soek hul leiding vandag by die O.B.-Arbeidslaer en sonder hulle steun is die mynwerkersunie se bestuur magteloos. Trouens, as die verkiesing van amptenare van die Mynwerkersunie nie deur Noodregulasie tot na die oorlog uitgestel was nie, sou die bestuur van die Mynwerkersunie vandag daar anders uitgesien het. Die ondersteuning van die O.B.-lede aan die besluite van die bestuur van die Mynwerkersunie hang daarvan af of die Arbeidslaer hom met daardie besluite vereenselwig al dan nie.**

Ons weet dat die vakunie-besture in die verlede dikwels maklik besluite geneem het, dog elke keer was dit Afrikaner-werkers wat die spit moes afbyt. Veral in 1922 was dit die geval. **Die O.B. gaan seer sekerlik nie toelaat dat die fiasko van 1922 in 1944 herhaal word nie. Die mynwerkerslede van die O.B.-Arbeidslaer is nie bang om die stryd teen die mynbase aan te knoop nie, maar dan doen hulle dit op 'n wyse wat die oorwinning verseker.** Hulle sal beslis nie in die hande van die Kamer van Mynwese en sy regering speel nie. Daarvoor ken hulle die mooi praatjies en metodes van die mynbase te goed. —(Korr.).

**ONDERSTEUN ! ! ! !**

**Poskantoor Haarkappers**
Kerkstraat 173 - - - - - - - PRETORIA
vir
DAMES en MANS
Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT

**W. VOIGT (Eiens.) Ppk.**
Fabrikante van
**Kelder- en Besproeiings-masjinerie.**
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P

**GRAND NATIONAL HOTEL**
**MANSHAARKAPPERSSALON**
EKSKLUSIEF . . . . .
VIR NETHEID EN DIENS
ELEKTRIESE APPARAAT IN GEBRUIK
KOOP HIER U ROOKGOED EN TOILET-BENODIGHEDE
HORLOSIE HERSTELWERK WORD ONDERNEEM
Eienares MEV. H. M. VORSTER
(Foon 22-4867)
De Villiersstraat 51,
JOHANNESBURG.
VLAKBY HOOFKWARTIER GEBIED „E"



*Oefeninge*
*vir*
**GESONDHEID**
**VERSLANKING**
**en 'n**
**MOOI POSTUUR**
Geen Drastiese Metodes.
*Skryf aan:*
**VENUS**
Posbus 9033 Johannesburg

**MARKAGENTSKAP**
**VROEË MÔRE-MARK**
KAAPSTAD
●
BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
●
BESTE HEERSENDE PRYSE.
●
*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

**O**NS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

**B**ESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*Hou Koers Na*

**Pro Ecclesia-Drukkery**
(Edms.) Bpk.
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders
*Die Laan, Stellenbosch.*

# O.B.-Dag-Insamelings Openbaar Groeiende Geesdrif

**Verdere berigte wat ontvang is in verbond met die 8 Augustus-vierings toon nog verrassend hoë resultate. Dit is duidelik dat dr. Malan se oorlogsverklaring 'n week voor die vierings soos 'n boemerang op hom teruggeslaan het. In plaas van die O.B. te benadeel, het dit juis gedien as 'n sweepslag, soos blyk uit die woorde van 'n plattelandse O.B.-lid, dat hy nou twee varke gaan slag in plaas van een, en dié van 'n stedeling dat hy nou twee pond gaan gee in plaas van een.**

**Uit Vryburg word berig dat die generaalskap se insameling vanjaar meer as £1,100 beloop in vergelyking met £550 verlede jaar — dus meer as 'n verdubbeling, terwyl uit Natal berig word dat die generaalskap van genl. Cadle ook met 'n verdubbeling kan spog.**

Geen plek het trouens minder opgelewer as verlede jaar nie en in die geval van kleinere kommando's is die opbrengste in sommige gevalle driedubbel soveel as 'n jaar gelede.

De Rust se kommando wat so pas 'n verwoestende droogte deurworstel het, het vanjaar £161 ingebring. Die veldkornetskap van Vlakteplaats het hul funksie ten huise van genl. en veldkte. John Schoeman gehou en £46 ingesamel veertien dae nadat hulle ook nog 'n basaar vir die skool gehou het wat £30 ingebring het.

**Griekwastad.** Niekerkshoop en Griekwastad se kommando's het hul funksie op die plaas Bosaar van hfkomdt. W. J. Venter gehou. Geesdrif en offervaardigheid was die kenmerk van die byeenkoms wat dan ook £73 opgebring het — 'n vermeerdering van £23 op verlede jaar.

**Tulbagh.** Hierdie kommando het sy opbrengs vanjaar opgestoot na £76. Van hierdie bedrag is £48 vooraf verdien deur die ywerige arbeid van die vroue-kommando. 'n Veldkornette en 'n brandwag het deur die verkoop van rosyntjiebrood, koek en waatlemoenkonfyt die mooi bedrag van £14 verdien.

**Williston.** Van hier word groot geesdrif en toenemende belangstelling berig, soos blyk uit die opbrengs van £16 teenoor verlede jaar se £5.

**Die Spelonke (Knysna).** Hierdie klompie getroues het op 12 Augustus op die plaas van mnr. Ernest Westraad saamgekom en £12 ingebring. Sommige lede het myle ver van Soetkraal oor die berge gekom. **Melding word gemaak van die lofwaardige ywer van mnr. Westraad wat op eie houtjie 'n O.B.-saal bou op sy plaas. Die werk is al ver gevorder.**

**Hendrina.** Die kommando van Hendrina het sy funksie op 7 Augustus gehou op die plaas van wagkaptein M. Niemann. Die opkoms was goed en die geesdrif onder lede en nie-lede van die beste. Die mooi bedrag van £120 is ingesamel.

**Goedgelegen.** Die veldkornetskap Goedgelegen (Groot Marico) het op 5 Augustus saamgekom ten huise van veldkt. C. J. Eksteen. Daar was geen tekens van tweedrag nie en talle H.N.P.-lede het meegedoen. Die geesdrif was wonderlik en die goed is teen buitengewoon hoë pryse van die hand gesit. Die mooi bedrag van £20 is ingesamel.

**Vredefort.** Hierdie kommando het op 12 Augustus die teenwoordigheid van die Kommandant-generaal geniet. Die funksie het die pragtige bedrag van £160 opgelewer. In verband met die Mentz-voorval het die K.G. gesê dat die enigste O.B.-lid wat deur die speurders aangehou was, reeds weer losgelaat is. „Dr. Malan was 'n bietjie té haastig met sy banvloek," het hy gesê.

**Odendaalsrust.** Hierdie kommando het op 8 Augustus O.B.-dag gevier toe genle. C. Meyer as spreekster opgetree het. Die bedrag van £64 opgebring, is meer as dubbel soveel as dié van verlede jaar.

**Barrydale.** Hierdie kommando wat verlede jaar self geen funksie gehou het nie, het vanjaar meer as £50 ingesamel behalwe £16 wat hulle terselfdertyd vir die Noodhulpfonds ingevorder het.

**Weenen** (Natal) het meer as £200 ingebring met hul funksie.

# Jeug Hoor Werklike Weerklank Van Heldetaal Uit Verlede

**Die Boerejeug van Oos-Rand het 'n belangrike aandeel geneem in die Noodhulp-funksie wat op 19 Augustus te Brakpan gehou is. 'n Puik afgerigte afdeling van 180 seuns en dogters het in die middag in optog van die Brakpanse Stadsaal af gegaan met hul vlae en die Oos-Randse Boerejeug-blaasorkes onder leiding van Komdt. Kapp, vooraan.**

Die optog het deur die Stad gegaan en die K.G. en die Jeugleier, genl. Dirk van Rooy, by Ansac-stasie tegemoet gegaan en hulle na die Ansac-bos begelei waar die funksie plaasgevind het. Hier is 'n saluutparade gehou. Die reëling van die Jeugoptog asook die hele funksie het onder leiding van Jeughoofkomdt. H. C. B. du Toit, van Gebied E geskied.

In die aand het Jeugleier, genl. Dirk van Rooy ook die vergadering toegespreek en veral die vraag aan die ouers gestel of hulle toesien dat hulle kinders vandag nog die geleentheid kry om jonk te wees. Laat hulle gehoor gee aan die stem van die jeug wat die jeug na mekaar roep om dít te doen wat vir die jeug vanselfsprekend en natuurlik is.

## STEMME UIT VERLEDE.

Spreker het voorts daarop gewys hoe die Boerejeug die stem van die volk uit die geskiedenis opvang en die voorbeelde aangehaal van Marthinus Oosthuizen wat gesê het: „Ek sal gaan" en die ander laers teen die Soeloe-aanval gaan waarsku het; en ook van Japie Greyling wat vasberade volgehou het met „ek sal nie sê nie" toe die Engelse offisier hom met die dood gedreig het as hy nie sy kommando verraai nie. Dit is werklike **stemme wat ons jeug vandag hoor en dit inspireer hulle om ook te sê: „ek sal gaan" of „ek sal nie sê nie."**

Die Jeug doen vandag 'n beroep op ouers en grootmense om te sorg dat daar kinders sal wees vir ons volk se toekoms, om hul kinders na die Boerejeug te stuur omdat dit die toegangspoort tot ons Volksbeweging is, en om die jeug aan te moedig om die baie leersame laertrekkings by te woon.

Verder hoor ons jeug ook die stem van ons land wat hulle na die vrye natuur roep. Hier in die natuur ontwikkel hulle 'n liefde vir hul land en word vervul met die drang om ons vaderlandsbodem teen misbruik te beskerm. „Ons is nie te jonk of te oud om 'n graaf te hanteer en ons land te help behou nie."

Die verkopings op die funksie het alleen £175 opgelewer. Lyste is ook uitgestuur waarvan die opbrengs nie bekend is nie. Die opbrengs sal in gelyke dele in die Noodhulpfonds gestort word deur die Boerejeug van die Rand en Generaalskap E5 van die O.B.

Die toesprake van die K.G. en genl. Van Rooy is die aand deur 'n skaar van heelwat meer as 2,000 aangehoor, nieteenstaande die feit dat die terrein moeilik bereikbaar was. — (Kor.).

# TOE GEWELD NOG 'N TRADISIE WAS

## Mnr. Mentz in ander Rol

Die Mentz-episode van 'n paar weke gelede, herinner onwillekeurig aan die onaangenaamheid van die verkiesing in Westdene in 1943, toe mnr. Mentz daar as kandidaat van die H.N.P. opgetree het. By een geleentheid is 'n vergadering toegespreek deur mnr. Venter, die Afrikaner-partykandidaat. Die opkoms het byna uitsluitlik bestaan uit mnr. Mentz en 'n klompie van sy luidrugtigste volgelinge. **Die vergadering het verloop streng volgens die ou tradisies van die partypolitiek. Daar was uitjouery, tussenwerpsels van die onsmaaklikste aard en 'n algemene gebrek aan selfbeheersing.**

Terwyl mnr. Venter die beleid van wyle genl. Hertzog uiteengesit het, was daar gedurige uitroepe van „verraaier" ens. Een jong „stryder" van die H.N.P. het, in 'n poging om sy makkers te oortref, die gedagtenis van genl. Hertzog die volgende woorde toegesnou: „Die ou meid!"

Kort voor verkiesingsdag is 'n vergadering belê deur die Verenigde Partykandidaat, mev. Jacoba Cohn, (gebore Booysen). Hier sou ook optree minister Colin Steyn. 'n Hele reeks polisiewaens en speurders met motorfietse het by die naburige polisiestasie stilgehou, om te dien as reserwes vir die geregsdienare wat reeds op die vergadering aanwesig was. **Mnr. Mentz met sy dapper bende was weer teenwoordig. Die einste Minister Steyn wat dit nou kwalik geneem word dat hy nie hard genoeg teen die O.B. opgetree het nie, was nie in staat om een enkele gedagte by die gehoor tuis te bring nie. Hy is uitgejou en gedreig, en moes uiteindelik sy toevlug na sy motorkar neem, onder polisiebeskerming. Intussen is mev. Cohn deur iemand 'n bloedneus toegedien onderwyl sy in 'n hewige woordewisseling met 'n groep H.N.P.-volgelinge betrokke was.**

Nadat die kandidaat en haar Minister hulself uit die pad gemaak het, is die vergadering toegespreek deur mnr. Mentz. **Geen woord van afkeuring is gerep oor die gewelddaad wat teenoor 'n dame gepleeg is nie.**

Deur hierdie moeras van partypolitiek is die Afrikanerdom van Westdene-kiesafdeling gesleep, heen en weer vir 'n paar maande lank. Al die geskree en opbreek van vergaderings het niks gebaat nie. **Die Boere wat H.N.P. gestem het, sowel as die Boere wat V.P. gestem het, en die ander wat vir die A.P. gestem het, werk nog steeds vir dieselfde lone, en die kaffer-lokasies bly nog in hul midde.**

Mnr. Mentz het die setel gewen. Wat het die Afrikanerdom gewen?

## Hulde aan Gestorwenes

By geleentheid van hul O.B.-dagviering het die kommando van Paul Roux ook kranse gaan lê op die grafte van twee ontslape lede. Hulle is wyle veldkte. mev. E. Kok wat slegs 'n paar dae tevore oorlede is, en wyle oom Jannie de Witt. Die woord is gevoer deur hfkmdt. J. Piek, genl. Japie van der Merwe en genl. H. A. J. du Toit.

*BEGRAFNISVERENIGING*

SAFFAS BPK. LTD.

'n Klein Maandelikse Premie dek die hele Familie.
Die Lykbesorger in u dorp is ons agent.
DIE SUID-AFRIKAANSE FEDERASIE VAN BEGRAFNISVERSEKERINGS-VERENIGINGS BEPERK. ... ... ... ...
(Geregistreer onder die Versekeringswet)
82 Beckettsgebou, Presidentstraat 67, h/v. Harrisonstraat,
JOHANNESBURG.

U SAL HOU VAN ONS . . .

- Jasse
- Snyers-Baadjiepakke
- Wolbaadjies
- Velthoede

Steyns

Parow se Moderne
DAMESMODISTE
Voortrekkerweg — PAROW

*Ondersteun Ons Adverteerders!*

Die Laaste Paar Items In Eeufeesaandenkings

*Bestel Nou ! ! !*

**SLEUTELKETTINGS 1/6**
Posgeld 2d,

**FAKKELLOOPPENNINGS 2/6, Egte Silwer 30/-**
Posgeld 4d.

**EEUFEESMEDALJES 1/-**
Posgeld 2d.

Ons is volledige MANS-, DAMES-, SEUNS-UITRUSTERS en SNYERS.

Uniewinkels

Kerkstraat 275, PRETORIA.
Takke:
KAAPSTAD, JOHANNESBURG, BENONI, VEREENIGING.

*Die O.B. Veg aan die Arbeidsfront.*
Hier, met die Rand as middelpunt, word oor ons Volkstoekoms beslis.
LEES
die eerste Afrikaanse boek oor
**Die Stryd van die Afrikanerwerker**
(in die afgelope 60 jaar)
deur
*DR. P. J. MEYER (wnde. O.B.-Arbeidsleier).*
Om die O.B.-strewe volledig te verstaan, moet u weet wat in die Arbeidswêreld gebeur.
Prys 3/- Posvry. — Bestel van:
PUBLICITÉ HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BEPERK,
Posbus 4892, JOHANNESBURG.

DIE O.B., WOENSDAG, 30 AUG. '44

# 'n Misdaad

Ons land stuur af op 'n eersterangse voedselkrisis, nie 'n ramp as gevolg van natuurlike oorsake nie, maar die handewerk van 'n paar individuele maghebbers wat dit met oop oë so beplan. Veral die stedelike bevolkings word van die een tekort aan lewensmiddele in 'n ander gedompel. Alle basiese voedselsoorte het reeds van die tafel verdwyn. Vir die grootste deel van die week is daar geen vleis te kry nie, maandelank is daar geen aartappels meer te koop nie, ook geen rys, geen botter, geen kaas, en tans ook byna geen vis en geen suiker meer nie. Groente is 'n weelde wat nie meer op alle tafels kan verskyn nie. Van owerheidsweë is heelwat bonte pogings aangewend om die tekorte aan natuurlike oorsake toe te skryf. Dit het glo te veel gereën vir sout en te min gereën vir botter. Dit het te veel gereën vir aartappels en te min vir kaas. Dit het te veel gereën vir beesvleis en te min gereën vir skaapvleis. So kom die ekskuse na mate dit pas. Op die oomblik is die groot oorsaak vir 'n vleistekort glo die „sabotasie" van die regering se vleisskema, **maar die regering vergeet gerieflik dat hy al moes oorgaan tot die instelling van 'n vleislose dag lank voordat hy sy gewraakte skema ingevoer het.** Onlangs is van regeringskant egter toegegee dat die beste beeste glo al uitgedun is. Dit is nader aan die waarheid. Maar dan beleef mens die onverklaarbare dat in dieselfde week waarin daar in die pers aangekondig word dat Kaapstad die grootste aantal diere sedert die krisis geslag het, ook aangekondig word dat alle slaghuise weens gebrek aan vleis gesluit gebly het. Daardie week was 'n vleislose week vir Kaapstad.

## VIR OORLOG

Die volk weet — ook aan die hand van Britse syfers — dat sy voedsel uitgevoer word om Engeland in sy sinlose oorlogspoging te steun. Ons land is opgevorder om ver buite sy vermoë lewensmiddele te lewer aan die Geallieerde leërs wat op die oomblik veg om die wêreldheerskappy van Stalin te vestig. **Hierdie uitvoer van die volk se kos op 'n oomblik wanneer die grootste deel van die bevolking reeds honger ly, is 'n misdaad waarvoor die betrokke enkelinge nie verantwoordelikheid sal ontduik nie. Die demokratiese partystelsel het in die verlede nog altyd gedien om die persoonlike verantwoordelikheid van regeringsmanne te verberg agter die sogenaamde „beginsel" van gesamentlike verantwoordelikheid. Dit is dan die „party" of die „koukus" of die „kabinet" — abstraksies wat nie voor 'n hof gedaag kan word nie — wat dan die skuld dra vir die wandade van die regeerders, en as dit te moeilik word, „bedank" 'n regering maar net en ontduik sy verantwoording. Maar aangesien hierdie idee nou deur die demokrasie in sy wraaksug self oorboord gewerp is, waar hulle nou self die voorbeeld stel om regeerders van ander volke persoonlik verantwoordelik te hou vir dié se oorloë, daar neem ons die geleentheid te baat om aan die huidige bewindhebbers te sê dat die volk hulle individueel verantwoordelik gaan hou vir hierdie hongersnood wat hulle met oop oë beplan en bewerkstellig.**

## SINLOOS

Enige volk is bereid om op te offer as dit sy bestaan of 'n groot beginsel geld. By die uitbreek van die oorlog het die Empire-leiers hul volke tot daardie opoffering oorrompel met pragtige staaltjies van vryheid en demokrasie waarvoor daar geveg word. Hitler se wêreldbedreiging moet dan die kop ingeslaan word. Daarvoor was die volke bereid om te offer, maar sedertdien het dit duidelik geword dat Stalin 'n nog groter bedreiging is as wat Hitler selfs in die skoene geskuif is. En nou erken Churchill self dat dit nie meer 'n ideologiese oorlog is nie, maar „dat ons op die een plek 'n kommunis ondersteun en op die ander plek 'n koning." En vir hierdie sinlose geweld wat geen ander gevolg as die bolsjewisering van die wêreld kan beteken nie, moet ons volk met sy voedsel betaal.

Die bewindhebbers probeer hierdie aanklag verdoesel deur te beduie dat Stalin dan nou bekeer sou wees tot demokrasie en Christelikheid. Ons vra egter as hierdie woestaard uit Voor-Asië deur samewerking bekeer kon word, waarom is dergelike samewerking nie ook op Hitler toegepas nie? Maar „bevryde" Pole bied reeds genoegsame bewys vir die leuen waarmee die volke en ook ons volk mislei word om met hul bloed en hul kos te betaal vir die wraaksug van 'n groep kapitalistiese maghebbers. Vir hierdie misdaad sal daar persoonlike verantwoording geëis word. Intussen is dit goed vir ons volk om in gedagte te hou dat hy gebrek ly omdat sy voedsel uitgevoer word ten einde „op die een plek 'n kommunis te steun en op die ander plek 'n koning."

---

# NA VYF JAAR

Met die intrede van die sesde oorlogsjaar hierdie week beleef die mensdom een van die wreedste stukke ironie wat heb- en wraaksug op die eie hals kan haal. Vyf jaar gelede het demokratiese Engeland aan Duitsland die oorlog verklaar omdat hy sy eie vaderlandsgebied wat deur 'n groep kapitalistiese wraaknemers aan Pole uitgedeel was, wou terugneem. Vandag moet hierdie „beskermer" van klein volke goedkeurend aanskou hoe sy kameraad-bondgenoot nie eie-gebied nie, dog Poolse gebied by sy bloedbevlekte ryk inlyf.

Vyf jaar gelede het Engeland sy eie seuns en dié van ander volke opgeroep om hul lewens te gaan neerlê vir die idee van demokrasie. Vandag word oor die lyke van daardie seuns 'n kommunistiese skrikbewind ingestel op alle plekke waar hulle ander volke van 'n „diktatuur" bevry het, en in die Britse Laerhuis waar vyf jaar gelede onderneem is om die Duitse volk vir die demokrasie te gaan „red," word nou al gepraat van die moontlikheid van 'n kommunistiese Duitsland in geval van 'n demokratiese „oorwinning."

Vyf jaar gelede is Afrikaners opgeroep om hul lewens in die woestyne van Afrika te gaan neerlê vir die Christendom. Vandag kan hulle in Italië luister na die heiligskennende taal van die Moskouse Bond van Godloses wat danksy die demokratiese leërs vlak lanks die pous gestig kon word.

Vyf jaar gelede moes die demokratiese volkere gemobiliseer word om Europa te red van Nazisme. Na vyf jaar van uitputting en verwoesting moet selfs 'n Smuts erken dat in die plek van Nazisme die alles-oorheersende Bolsjewistiese kolos gaan staan. Magtige leërs is op die been gebring en miljoene lewens geoffer om die koms van 'n nuwe orde te belet. Al wat die demokrasieë na soveel inspanning in geslaag het, was om die wêreld uit te lewer aan die gekonsentreerdste slawerny wat die geskiedenis ken.

**Ook in ons land is ervaar hoe diegene wat vyf jaar gelede die jeug van die volk opgeroep het om teen 'n diktatuur te gaan veg, vandag by die aanskouing van hul mislukte knoeiwerk besig is om daardie jeug uit te lewer aan die afskuwelike diktatuur van Moskou. Leiers wat vyf jaar gelede die land terwille van demokrasie in die oorlog gestoot het, aanvaar vandag die ere-leierskap van die Moskouse bendes in Suid-Afrika.**

Vir die volke van die demokrasieë is dit alles galbittere ironie, dog vir die internasionale Jodedom beteken dit die verkryging van hul nuwe orde van staatskapitalisme. Dit altans is die posisie indien die demokratiese oorlogspoging sou slaag. Gelukkig vir die volke van die wêreld is daar nog 'n sesde oorlogsjaar wat tyd gee vir besinning of 'n wending.

# Die Europese Oorlogsfronte

(DEUR PROF. J. A. WIID)

Daar het gedurende die laaste paar weke belangrike veranderings aan die Europese oorlogsfronte plaasgevind. Al hierdie veranderings het ten nadele van die Duitse militêre posisie en ten voordele van die Angel-Saksers en hul Russiese bondgenote geskied. Hieroor kan daar op die oomblik geen twyfel bestaan nie.

## DIE FRONTE IN FRANKRYK

Die suksesvolle landing van die Angel-Saksers in Frankryk op 6 Junie het bewys gelewer dat die „Atlantiese Muur" van die Duitsers nie ondeurdringbaar is nie. Dit is duidelik dat die skakels in die lang ketting van Duitse verdedigingswerke vanaf die noordelike kus van Noorweë tot by die Frans-Spaanse grens nie sterk genoeg was om 'n inval van die Geallieerdes te belet nie. Tenspyte van hul propaganda het die Duitse leërleiding dit waarskynlik self geweet. Geen verdedigings werk is trouens oninneembaar as 'n aanvaller sterk en vasberade genoeg is en ook gewillig is om die prys aan menselewes en materiaal daarvoor te betaal. Die Angel-Saksers het bewys dat hulle sterk en vasberade is om die „vesting van Europa" nie alleen binne te val nie maar ook groot dele van Frankryk te herower of te „bevry" soos dit genoem word. Dit is veral die Amerikaners wat die leeue-aandeel in die Franse veldtog neem. Dit was hulle wat die skiereiland van Cotentin afgesny en die hawestad Cherbourg ingeneem het; dit was hulle wat by Avranches deurgebreek het en aan die hele veldtog 'n beweeglike karakter gegee het; dit is ook die Amerikaners wat op die oomblik die diepste in Frankryk deurgedring het. Die suksesvolle landing van die Geallieerdes in Suid-Frankryk en hul vinnige beweging — ook hier is dit die Amerikaners — in noord-oostelike rigting langs die valleie van die Rhonerivier, het die Duitsers voor moeilike vraagstukke gestel.

## DIE RUSSIESE FRONT

Die Angel-Saksiese landings in Frankryk is nie die enigste sorge van die Duitsers nie. Ook aan die oostelike front oefen die Russe swaar druk uit. Hier het die Bolsjewiste veral in die Oosseestate en in die gebied van die Weischselrivier, noord en suid van Warschau, belangrike vordering gemaak. Dit is egter veral in Roemenië waar die jongste gebeurtenisse ten gunste van die Russe plaasgevind het. Die kapitulasie van die Roemeense koning aan Moskou het die weg vir die Rooi leërs na die belangrike Donougebied en die Balkan vrygemaak. Op die oomblik lyk dit, tensy die oorlog 'n ander wending neem, of die Angel-Saksers en Russe nie in Berlyn maar miskien eers op die Balkan mekaar sal ontmoet.

## ERNSTIG MAAR NIE HOPELOOS

Vir die Duitsers is die militêre posisie dus op die oomblik vry ernstig. Volgens die propaganda uit Washington, Londen en Moskou sou die Duitse posisie reeds hopeloos wees. 'n Algehele oorwinning vir die Geallieerdes en 'n volslae nederlaag vir die Duitsers sou reeds voor die deur staan. Die ondervinding van hierdie en ander oorloë het egter geleer dat oorwinnings glibberige goeters is wat 'n mens eers vas in albei hande moet hê voor jy daaroor kan feesvier. Het die verskillende oorlogvoerende moondhede sedert 1 September 1939 dan nie reeds herhaaldelik die oorwinning in hul propaganda gevier nie? Watter staatshoof het in September 1939 geglo dat die huidige stryd die vooraand van sy sesde oorlogsjaar sou beleef?

Die geskiedenis leer dat 'n volk wat met die rug teen die muur om sy lewe veg 'n verbasende taaiheid aan die dag kan lê. Toe lord Roberts op 5 Junie 1900 Pretoria beset het, het hy seer seker nie gedink dat die oorlog nog byna twee jaar sou voortduur nie. Carlyle se geskiedenis van Frederik die Grote lewer 'n ander bewys van wat taaie volharding teen 'n oorweldigende oormag kan uitrig.

Ook die huidige oorlog het sy voorbeelde van kapitulasie en van volharding gelewer. Die Britte het hierdie volharding aan die dag gelê toe hulle in 1940/41 alleen gestaan het en die hardste houe van die vyand moes verduur. Die klein Finse volkie, met sy rug teen die muur en sy lewe op die spel, presteer waarskynlik die hoogste in sy stryd teen die magtige Rusland.

Ook die Duitsers het in die huidige oorlog volop bewyse gelewer dat terugslae hulle nie kan breek nie. Hulle twee grootste terugslae, Stalingrad en die kapitulasie van Italië, het geensins die ineenstorting van die front tot gevolg gehad nie. Sedert Stalingrad het ons reeds dikwels van die „omsingeling" van Duitse leërs gehoor, maar, soos 'n genl. De Wet van ouds, skyn dit of hulle dit nog altyd reggekry het „to live and fight another day."

Op die oomblik lyk dit ietwat voorbarig om reeds fees te vier oor die oorwinning wat voor die deur sou staan. Die militêre posisie vir die Duitsers is sonder twyfel ernstig maar alleen 'n wensdenker sou dit as hopeloos beskou. Die Duitsers het tot sekere mate daarin geslaag om hul front tussen die Kurpate en die Oossee te stabiliseer. Die Rooi leërs staan in elk geval nog nie in Warschau of in Oos-Pruise nie soos reeds lank gelede in die vooruitsig gestel is. Dit is nie onwaarskynlik nie dat die Duitsers ook in die Weste daarin sal slaag om hul besettingsleër in 'n verdedigingsleër om te skep en hul front naby die eie grens te stabiliseer. Daar staan nog geen vyandelike soldaat op Duitse bodem nie en so lank die Duitsers bymekaar en agter die regering staan, kan ons feesvierings van die oorwinning maar gerus 'n bietjie uitgestel word.


# VERJAARDAGVIERING

*Die Geboortedae van ons*

*KOMMANDANT-GENERAAL*

(DR. J. F. J. VAN RENSBURG)

en ons

*Asst.-Kommandant-Generaal*

(MNR. J. A. SMITH)

word gevier in die

**STADSAAL, PAARL**

op die

***19de SEPTEMBER 1944***

om 7.45 n.m.

Alle Kommando's van omliggende Generaalskappe word versoek om alle pogings aan te wend om teenwoordig te wees.

KOM LUISTER NA BOODSKAPPE VAN ONS *KOMMANDANT-GENERAAL* EN ONS *ASST.-KOMMANDANT-GENERAAL.*

## Geskiedenis van die Ossewabrandwag

*'n Volk op Trek*, deur prof. A. J. H. van der Walt in opdrag van die Grootraad, uitgegee deur die Kultuur en Voorligtingsafdeling van die Ossewabrandwag en verkrygbaar van die amptelike verspreiders: Publicité Handelsreklamediens (Edms.) Bpk., Posbus 4892, Johannesburg. 137 Blss. Prys 3/3 posvry.

In hierdie werkie (O.B.-Uitgawe Nr. 5) bied die skrywer ons 'n kort en lesenswaardige geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van die Ossewabrandwag. Hy toon aan hoe hierdie volksbeweging, „gebore uit die ongehoorde geesdrif, eenheidsdrang en volkstrots" wat in die harte van byna alle Afrikaners, afgesien en tenspyte van bestaande party-politieke verdelings, in die Eeufeesjaar (1938) van die Groot Trek ontbrand het, sy ontstaan gehad het. Vandaar dan ook dat die Ossewabrandwag reeds in sy eerste konstitusie die bekende kommandostelsel as sy organisasie-vorm aangeneem het en hom ten doel gestel het die bestendiging van die pragtige Ossewa- en Eeufeesgees en die inskakeling en samewerking van alle nasionaal-bewuste Afrikaners in die nuwe volksbeweging.

In hierdie volksbeweging, wat uit die volk self opgekom het, het die volk van die begin af veel meer gesien as 'n blote kulturele organisasie. Die geweldige geesdrif waarmee die volk by die Ossewabrandwag aangesluit het, bewys nie alleen 'n reaksie teen en 'n gebrek aan vertroue in die bestaande politieke partye nie, maar ook die wil om deur eendragtige samewerking, sonder party-politieke geskipper en verdeeldheid, die volkseenheid van die Eeufeesjaar verder uit te bou en die vryheidstoekoms van die volk te verseker.

Hierdie verhewe doelstellings, d.w.s. die bewerkstelliging van volkseenheid en 'n gedissiplineerde volk i.p.v. volksverdeeldheid onder die ingevoerde liberalistiese party-politieke stelsel is verder verbreed en geintensifiseer deur revolusionêre wêreldgebeurtenisse en deur die feit dat die O.B. in 1941 in die nuwe kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, „'n werklike leier gekry het — jonk, inspirerend en sterk politiek (hoewel nie party-politiek) gesind."

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Afrikanerdom het 'n goed geformuleerde ideologie sy verskyning gemaak waarin staatkundige doelstellings (republiek, volkstaat, gesagstaat) naas sosiale doelstellings (sosiale geregtigheid) 'n prominente plek ingeneem het. Dit het gelyk of die besef van politieke magteloosheid onder die ou orde en die bewussyn van ekonomiese en maatskaplike ongeregtigheid in hierdie land van weelderige rykdomme en knellende armoede eindelik tot die breë kringe van die Afrikanerdom deurgedring het. Die O.B. het dan ook van krag tot krag gegaan. Waar stadsale vir party-politieke vergaderings te groot geword het, daar het hulle vir die byeenkomste van die O.B. te klein geword. Geesdrif vir die O.B. dwars deur die land was geweldig.

### GRAMSKAP VERWEK

Die verbasende groei van die O.B. met sy frisse twintigste eeuse ideologie het om begryplike redes weldra die gramskap van die Smuts-regering verwek. Minder begryplik is die vyandskap van die leiding van die sterkste opposisie-party teen die O.B. wat op die oorlogsverklaring van die regering gevolg het. Prof. v. d. Walt wy veel aandag aan die onverkwiklike stryd van die H.N.P. teen die O.B. Dit is nie nodig om by die oorsake van hierdie treurige stryd weer stil te staan nie. Die grondoorsaak van dr. Malan se oorlogsverklarings was sonder twyfel die weiering van die O.B. om as volksverenigende volksbeweging verneder en misbruik te word as die „ystervuis" van die een of ander politieke party. Beroepspolitici het in die O.B. 'n gevaar vir hulle gevestigde party-politieke belange gesien. Dit is ook onnodig om by die verloop van die stryd met sy ultimatums, beswadderende skinderpraatjies en verdagmakery stil te staan. Ook die rol van die party-politieke pers in hierdie stryd is bekend genoeg. Die gevolg was dan ook dat die O.B. wat deur oordeelkundige behandeling die beste wapen van die H.N.P. kon gewees het, hopeloos van hom vervreem is. So het die Afrikanerdom dan ook voor die oorlogseleksie van 1943 verdeel en verlam gestaan, „die voorwerp van spot en aanfluiting vir sy vyande en van verwyt vir sy vriende."

Die trommelvuur wat Regering en Opposisie teen die O.B. gerig het, kon egter tot vandag toe nie verhinder nie dat tienduisende van die offervaardigste Afrikaners getrou by die volksbeweging gestaan het en nog staan. Nie alleen staan die Noodhulpfonds en Amajuba vandag as monumente van die O.B. se beginsel-belewing en sy vryheidsliefde nie, maar ook die beleid en organisasie van die Volksbeweging is verder uitgebou. Vandag sien die O.B. die volkspolitieke heil dan ook slegs in „nasionalisme wat sosiaal is en in 'n sosialisme wat nasionaal is."

Daar mag lesers wees wat graag sou gesien het dat die outeur se beskrywing op 'n paar plekke lewendiger was en dat hy die dramatiese momente in die ontstaan en ontwikkeling van die Ossewabrandwag skerper geteken en dikker onderstreep het. Dit alles is egter kleinighede. Hoofsaak is dat prof. v. d. Walt op kalme en besadigde wyse daarin geslaag het om 'n historiese oorsig te gee wat terselfdertyd ook taamlik omvattend is sonder dat hy ooit sy eie waardigheid verloor het.

*'n Volk op Trek* verdien dan ook buite die Ossewabrandwag 'n wye leserskring. Hoewel dit veel bevat wat vir die Afrikaner beskamend is, bevat dit nog veel, veel meer wat verheffend is. Dit verdien die ernstige bepeinsing van elkeen wat die waaragtige belange van die Afrikanerdom en van Suid-Afrika op die hart dra.

J. A. WIID.


BENODIG

ONMIDDELLIK BENODIG
*SNELSKRIF-TIKSTER*
met kennis van Kantoor administrasie en Liassering.
Kennis van Boekhou sal 'n aanbeveling wees.
Rig aansoek met getuigskrifte aan:
SEKRETARIS,
Pro Ecclesia-Drukkery
(Edms.) Bpk.,
POSBUS 28, STELLENBOSCH.



Dringend Benodig

1. Tenvolle gekwalifiseerde tweetalige Smouthand, met deeglike kennis van Steenwerk.
2. Tenvolle gekwalifiseerde tweetalige Masjien-Setter, (Intertype).
3. Tenvolle gekwalifiseerde Drukker (Machine Minder), met kennis van Kleurdruk.

Permanente Betrekkings, Unie Lone

*Doen aansoek by*
*Pro Ecclesia-Drukkery*
*(Edms.) Bpk.*
*Bus 28 STELLENBOSCH*


## POLITIEKE BAROMETER COLIN STEYN

Dit het vir sommige mense enigsins as 'n verrassing gekom toe dr. Colin Steyn, Ere-president van die Sowjet-vriendekring in Suid-Afrika, kort gelede laat aankondig het dat hy nie meer 'n aspirant vir die leierskap van die Verenigde Party is nie. Lesers van Die O.B. wat sal onthou dat ons so lank as 'n jaar gelede al verwys het na dr. Steyn se witvoetjie-soekery by die kommuniste, sou egter nie oor hierdie aankondiging verras wees nie. Dr. Steyn is 'n baie gevoelige politieke barometer, **en wanneer hy nie meer aanspraak maak op leierksap van 'n party nie, moet dit as teken beskou word dat hy nie meer geloof in die voortbestaan van daardie party het nie. Sy aankondiging staan dus min of meer gelyk aan 'n sterfte-sertifikaat vir die Verenigde Party.** Dat hy hom die ere-presidentskap van die kommunistiesgesindes laat welgeval het, **is tewens ook 'n doodberig van die demokrasie.** Maar die feit dat hy sy kommunistiese ere-presidentskap hoër ag as sy leierskap in die Verenigde Party of van enige ander demokratiese party, is gelukkig nog nie 'n bewys dat dr. Steyn die kommunisme as oorwinnaars beskou nie. **Hy besef net dat die toekoms nie demokraties sal wees nie, maar kommunisties of Ossewabrandwag. By laasgenoemde durf hy weens sy opportunistiese verlede nie aansluit nie. Hy kies dus die enigste alternatief: die vriende van die Sowjet.**

## Gevangenes se Dank

Drie oud-gevangenes, K. Kerling, L. Steenkamp en J. Harmse, skryf as volg: —

„Ons wens die moeders wat vir ons gesorg het gedurende die tyd wat ons in die Pretoria-gevangenis was, van 17 Mei tot 17 Augustus 1944, hartelik te bedank vir die liefdevolle werk aan ons gedoen. Dit het nie alleen vir ons liggaamlike maar ook vir ons geestelike kragte gehelp. — Lank lewe die K.G.!"


HERHOLDT se BOOMKWEKERYE
Posbus 660, JOHANNESBURG

KRISANTE — Oktober-November planttyd.
Ons „DONOU" Versameling, glorieryke kleurskakering, uitstaande pragsoorte, 25/- per dosyn, 15/- vir 6.
Ons „OPERA" Versameling, — reuse van die vertoontafel, fraai kleure, 18/6 per dosyn, 12/6 vir 6.
Ons „LUUKSE" Versameling, fraai kleure, reusagtige blomme. 18/6 per dosyn, 10/6 vir 6.
Ons „TUIN" Versameling, pragtige soorte gesorteerd. 15/6 per dosyn, 9/6 vir 6.
AMERIKAANSE BOOMANGELIERE, pienk, rooi, salm ens., gesorteerd 10/6, 12/6, 15/6 per dosyn volgens soorte.
Kontant met bestelling.
Sierstruike, Sierbome, Heiningbome, Rose in blikke.





NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD
Kommando
-SIGARETTE
ROND OF OVAAL
WAARDE VIR GELD
BH 2275



'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:

„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.
Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: „'N BOODSKAP AAN U."

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.
Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.
Ek stel belang in ....................
Naam ....................
Adres ....................
(O.B., 30 Aug. 1944)

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).

HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE
VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG
POSBUS 3512 FOON 22-3512

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

**UPTON.** — Aan serst. en mev. O. J. Upton, Roodepoort, 'n fris O.B.-dogtertjie op 6 Augustus. Naas die Heer, ons hartlike dank aan verpleegster.

### DOODBERIG

**HUGO.** — Na 'n lang siekbed is mev. Rea Hugo ons op 18 deser deur die dood ontneem. As ywerige lid en troue kwartiermeesteres, sal ons haar baie mis. Langs hierdie weg ook ons innigste meegevoel met haar eggenoot en familiebetrekkinge. Van haar Franschhoek-kommando.

### TOT SIENS

**HUGO.** — Totsiens Brandwag oom Japie Hugo — jou voorbeeld van getrouheid sal deur die Worcester Kommando's gevolg word. Ons innige deelneming aan veldkornette Hugo en kinders. Van Worcester Kommando's.

### IN MEMORIAM

**RAS.** — Weer dink ons aan 24 Augustus, toe deur die dood van ons weggeneem is, ons dierbare Vader, Brandwag Jan Ras. Die kinders.

### PERSOONLIK

ANNETTE-ATELJEE (Edms.) Bpk. Fotografiese werk van enige aard. Uitmuntende diens teen billikste pryse. Steun hierdie Afrikaners: **Spoorbondkas-Gebou, De Villiersstraat 15, Johannesburg. Foon 33-3738.**

BOERE wil dorpenaars word, en Dorpenaars wil boere word. **Nasionale Dienste,** Johannesburg, bied hul dienste aan boere wat plase wil verkoop. Vir opregte en snel diens raadpleeg **Nasionale Dienste, Sauergebou 18, Johannesburg.** Ons het 'n magdom kopers.

**DAMES en Here Haarkapper.** Permanente haargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

**DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.**—Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokale word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. **Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Sanlam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.**

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

### BETREKKING VAKANT

APPLIKASIES word ingewag vir 'n mans en dames snelskrif tikster, met of sonder vorige ondervinding. Losies word verskaf by ons Kwekerybestuurder te Eikenhof. Sertifikate en getuigskrifte gemerk „Applikasie," aan : **Herholdt se Boomkwekerye, Posbus 660, Johannesburg.**

BENODIG 'n assistent-huishoudster, bo 25 jaar, vir 'n privaat woning. Aanvangssalaris £5 per maand met vrye inwoning. Pligte aanvaar te word vanaf 1 Oktober. Rig applikasies en getuigskrifte aan: **„Die O.B.", Bus 1411, Kaapstad.**

BENODIG 'n Kabinetmaker vir plattelandse dorp; uitstekende vooruitsigte vir bekwame hardwerkende jongman. Doen aansoek in eie handskrif. Meld salaris verlang, ervaring, ouderdom en wanneer beskikbaar. **J. A. Strauss, Vredelus, Upington.**

### BETREKKING GEVRA

GEMATRIKULEERDE dame doen aansoek om betrekking as Boukhoudster in 'n kantoor, winkel of slaghuis. Geen ondervinding. Vir besonderhede skryf aan: **Mej. H. van Tonder, Diepkloof, P.K. Rooirivier, Dist. Uniondale.**

### BENODIG

ONGETROUDE, hardwerkende jong man as voorman. Moet sober en goedgehumeurd wees, moet deursettingsvermoë hê en taktvol met werksvolk op die plaas werk. So gou moontlik te begin. Beloning £4 per maand en een-tiende van gesaaides. Vir een jaar vry losies. **D. Steyn, Bultfontein.**

### KENNISGEWING

WEENS onvermydelike omstandighede, sal die funksie van Kommando E2b6 (Suidelike Voorstede, Johannesburg) wat op 26 Augustus sou plaasvind, nou gehou word op 16 September, in die Rosettenville Kerksaal.

### TE KOOP

BEHANDEL u brakgronde met Kalsium Sulfaat volgens voorligting van u Landboukundige. Goeie Kalsium Sulfaat teen 'n billike prys is verkrygbaar van J. Nortje, Vredendal.

BESTEL dadelik dagoud-kuikens, Australorps, Leghorns. Ook kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Volgeboek tot end September. Vanaf dan 3,000 per week. £5 per 100 vanaf helfte Oktober. Vooruit betaalbaar of K.B.A. **H. R. Malan, Pk. Kerstfontein, Die Paarl. Foon 6203.**

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.**

## O.B.-WAG KAMPEER

Die O.B.-wag van generaalskap A2 (Bellville en omgewing) het ten spyte van die verskriklike weer oor die naweek van 6 Augustus 'n besonder geslaagde kamp gehou onder bevel van wagmajoor L. Radloff. Die bywoning was baie goed en geesdrif hoog, soos blyk uit die feit dat die jongmanne nie wou voldoen aan die versoek van die Gebiedsleier, genl. F. D. du Toit van Zyl, om die kamp vroeër te verdaag met die oog op die weer nie. Hulle het die volle tyd daar gebly en aan die einde alle voorrade opgeveil ten behoewe van die O.B.-dagfonds, wat £4-5-3 beloop het. Die kamp is besoek deur die Gebiedsleier, die generaal, genl. G. Retief en hfkomdt. Steynberg.

### TE KOOP

GEREGISTREERDE Afrikaner Koeie, gemiddeld nege jaar oud. Goeie telers,het lank met geregistreerde bulle geloop. Gelewer op spoor. Navraag by: **Haarhoff, Uitkomst, Graaff-Reinet.**

KOOP u meubels by 'n mede-Afrikaner teen billike pryse. **Springbok-meubels,** Spenom besonderhede. **Springbok-Meubels, Spencerweg 18, Sout Rivier.**

**MISSTOWWE.** — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 42/6 per ton, gelewer Uniestasies. 50-50 mengsel teen 55/- per ton, gelewer Unie-stasies. Ganna loogas vir soutlek. Die beste soutlek teen geilsiek en haarwurm teen 20/- per sak, V.O.S. ons laaistasies. Kontant met bestelling aan **Nasionale Kaap Misstowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.**

**MEUBELS.** — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

OPREGTE Chantenay en Nantes Wortelsaad 8/- per pond.

BESTE Australiese Bruin Uiesaad 6/- per pond, gesertifiseer. Beperkte hoeveelheid. K.M.B. Posvry. **J. J. Spies, Premier Saadkweker, „Rus en Vrede," P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

**PATATRANKE.** — Sesmaande, volsak 7/-. Gesny vir plant per 1,000, 15/-. Tevredenheid gewaarborg. Kontant geen K.B.A. **J. H. Gerber, Privaatsak Serpentine, George.**

**PATATRANKE.** — Gewaarborgde sesmaande droëgrondpatatranke 7/-; die sak van 80 lb. Kontant met bestelling. Vry gelewer op my stasie . **Johannes Terblanche, Glencoe, Bus 75, Mosselbaai.**

**PATATRANKE.** — Bestel Brandwag Patatranke. Sesmaande 7/- vir 83 pond. Borrie en wit 5/- vir 43 pond. Gelewer Serpentine Sylyn. K.M.B. **P. J. Gerber, (C. Sn.), Hoekwil, George.**

**PATATRANKE.** — Mooi uitgespruite rooigrond ranke; kort litte, — sesmaande. Prys 7/- vir 80 pond driemaande Borrie en wit 5/- vir 40 pond. Gelewer Serpentine-Sylyn K.M.B. **J. Gerber, P/sn., P.K. Hoekwil, Dist. George.**

RAMME — Merino Stoetery. — Beperkte hoeveelheid Wanganella ramme beskikbaar. Groot karkasse en wol met uitstaande kwaliteit die kenmerke. Plaas bestellings vroegtydig. Pryse vanaf £5 vir kudde. **J. H. Moolman, Rusoord, Middelburg K.P. Foon 412.**

**Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.**

**VANS CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

VIR planting Oktober. — Tamatieplantjies; „Bonnie Best," 15/- per 1,000. Zinnias, Somer Asters, Afrikaners 10/- vir 350. „Poinsettia boompies" 4 vir 6/-. Posvry. K.M.B. Weens skaarste van pakgoed kan kleiner bestellings nie uitgevoer word nie. N.B. Bestellings na 15 Sept. kan nie uitgevoer word nie. **J. J. Smith, Van Reyneveldstraat, Stellenbosch.**

### WYNE

5 GELLING Muskadel-Likeur £2-12-6; anker £3-17-6. 5 gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. **J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.**

### TE KOOP GEVRA

EEN Trekker van minstens 40 perdekrag op rubberbande, geskik vir transport doeleindes. Goeie werkende toestand 'n vereiste. Stuur besonderhede van spoed, maak, model, toestand, prys ens. aan: **J. Nortje Vredendal.**

FRIES-VERSE vanaf sesmaande oud. Enige hoeveelheid, maar kwaliteit 'n vereiste. Besonderhede en laagste prys aan **Bus 6, Devon.**

## *VERJAARDAGKETTING*

**1 Sept.:** Hendrina Klue, George; Martha M. Vosloo, Port Elizabeth; Gert Smit, Port Elizabeth; Andries van Vuuren, Grootdrink; Hendrina van Niekerk, Bellville; Aletta Smit, Bellville; Christa Heckter, Kirkwood; Maria Frederika Weyers, Beaufort-Wes; Katrina J. Brits, Hottentotsrivier; Norman Swart, Groot-Brakrivier; Petrus J. Erasmus, Pietersburg; Anna van Zyl, Waterkloof.

**2 Sept.:** Gertbreggie C. D. Liebenberg, Upington; Charl du Plessis, Sutherland; Andries Olivier, Sutherland; John Eaton van Rensburg, Leeukloof; Petronella Kohler, Port Elizabeth; Dorika van Heerden, Cradock; Johanna Jordaan, Groot-Brakrivier; Gezina Vos, Rustenburg; Daniel C. P. Coetzee, Bosbokrand; Antoinne C. A. Coetzee, Potchefstroom; Martha C. G. Venter, Potsdam.

**3 Sept.:** Moira de Fin, Malmesbury; Martha de Vos, Sutherland; Sacharia P. Fourie, Lambrechtsdrif; A. C. J. Lombard, Somerset-Oos; Willem J. Bouwer, Kirkwood; A. Malan, Bellville.

**4. Sept.:** Maria Tredoux, Tiervlei; Cornelia S. Muller, Sutherland; Izak Zirk Delport, Sheldonstasie; Abraham Esterhuizen, Malmesbury; Rienie Fouché, Addo; Hilda Burger, Brandvlei; Martha van Heerden, Vergenoegd; Wimpie Botha, Franschhoek; Johannes B. Cilliers, Beaufort-Wes; Elise Brink, Rustenburg; Gertruida M. van Dyk, Blokkloof.

**5 Sept.:** Marie Ackerman, Stellenbosch; Truida Nieuwoudt, Stellenbosch; Francois Botha, Windmeur; Hendrik Jacobus Weideman, Cradock; Johanna Jacoba Burger, Okiep; Magaretha le Roux, Goudini; Mercia Coetzee, Zastron; Deboo Last, Heidelberg; Gert Joubert, Bosbokrand.

**6 Sept.:** Helene Lötter, Pearston; Isa Nel, Pearston; Hendrika Heyns, Klipbanksrivier; Jan A. Jooste, Sutherland; Petrus Stephanus, Leeukloof; Gezina Westraad, Kirkwood; M. Elizabeth Rohland, Loxton; Anettie Boshoff, Groot-Brakrivier; Aletta Schoeman, Bethlehem.

## O.B.-NOODHULPFONDS

**ONTVANGSTE VANAF 25 JUNIE 1944 TOT 25 JULIE 1944.**

**Gebied „A"**

Kom. A: 1c6 £2-0-6; Theodore 5/-; 5c6 £1; 4b6 £1-5-0; 2b2 £6-12-6; 3c9 £11-1-6; Verskeidenheidskonsert £60; J. A. v. d. Walt, Groenpunt 2/6; P. M. Eksteen, Klapmuts £3; 3c6 £1-10-0; 3b7 £20-1-6; Remskoen Toneelvereniging 10/-; Vriendin, Kaapstad £1; Vriend, Kaapstad £5; C. Gericke, Mosselbaai £5-3-9; Veldskoenkring 16/7; Vriend, Bellville 10/-; Vriende, Bellville £2-10-6; 4c2 en goedgesinde vriende £7-4-0; 13b2 £17-19-6; 8a7 £4-8-6; 2b8 £10; 2a8 £3-3-6; 3b6 £4-11-0; 6b6 £2-18-0; Veldskoenkring 16/7; Vreugde deur Arbeid £2-17-0; Karoobossies £1-5-6; 3c8 £5; 3c3 £2; 1a8 £4-12-6; Remskoen Toneelvereniging 7/6; Remskoen Toneelvereniging 10/-; Remskoen Toneelvereniging 3/6; 11a6 19/6; Veldskoenkring 17/2; J. van Niekerk, van Rhynsdorp £5; 13a2 £2-17-0; 1a7 11/-; Mev. A. M. J. Pio £2; 6a3 £8-10-0; 16b6 8/-; 15c6 £5; Veldskoenkring £1-4-10. Totaal £217-13-11.

**Gebied „B"**

Kom. B: Asst/H/Komdte. mev. J. Neethling, 1 £1; 3c8 £1-15-3; 5a7 (maandelikse bydrae) £1-8-6; 5a6 (maandelike bydrae) £2-9-6; 3b1 en 3b6 £1-15-0; 5a2 £3-8-9; 6b1 £3-7-6; 3c7 £2-0-6; 2a2 en 2a7 £3; 6a2 en 6a7 £5; 5b6 £5. Totaal £30-5-0.

**Gebied „C"**

Kom. C: 2a1 10/-; 2a3 £4-15-0; 2b1 19/6; 2b6 £1-3-6; 3a3 £1-9-6; 3c1 £1-14-0; 3c6 £7-8-6; 4b3 £44-11-6; 4a1 £6-18-0; 5b2 £21-1-0; 6a1 £4-13-0; 6b8 18/-; 7d1 £40; 7d6 £3-11-0; 8d6 £3; 8e7 £1; 9b1 £3; 9c8 £1-17-0; 10a1 £11; 10a2 £8-1-0; 10a3 £4-16-0; 10a7 £2-12-6; 10a8 £5; 10b6 18/6; Genlskap. 11 £50; Jeughoofkommandant L. v .d. Merwe (persoonlik) £1. Totaal £232-7-6.

In 'n vorige uitgawe is gemeld dat C11 die bedrag van £1-18-5 bygedra het. Hierdie bedrag moet lees £31-18-5.

**Bydraes Gebied „D" £60-17-9.**

**Gebied „E"**

Kom. E: 4b6 £2-4-0; Bydrae 10/-; 4b2 £2-5-0; 9a7 £8-4-6; Bydrae £1; 10c6 15/8; 10c1 15/7; 2a8 £1-15-0; 1c7 £12-1-0; 2a6 £1-12-0; Bydrae £1-2-0; 1b2 £18; 2b1 £4-1-1; 2a3 £3-13-0; 7c2 £7-18-3; 7c7 £7-18-3; 1c1 £8; 9b1 £6-10-0; 1c8 £6-4-9; 1c3 £4-9-9; 1b8 15/-; 6b6 £4; Bydrae £1; 4b7 £2; 4c7 £2-14-0; 8a7 £6-16-0; 10c7 19/0; 6c6 £8-10-0; 9a1 £14; 2a7 £10-16-3; 3a3 £6-3-0; 3a6 £8-10-3; 3a7 £1-0-6; 3a8 £3; 3b1 £6-8-6; 3b2 12/6; 3b6 10/-; 3c7 £11-5-6; 9a7 11/6; 10c8 £1-12-0; 5a1 £4-14-6; 5a2 £4-2-0; 5a3 £2-19-6; 5a6 £10; 5a7 £3-17-0; 5a8 £21-19-6; 5b1 £9-15-6; 5b6 £13-9-2; 5c1 £31-1-0; 5c2 £12-10-6; 5c3 £29-8-7; 5c6 £2-11-6; 6a8 10/-; 5c £3-16-6; 4a6 £17-1-11. Totaal £358-1-0.

**Gebied „F"**

Kom. F: 1a8 £19-10-0; 1b6 £22-4-6; 2b3 £3-15-4; 2b6 £6-12-6; 3c6 £2-3-0; Generaal Tj. Bunning £3; 4a2 £2-4-0; 4a3 £1-3-0; 4a7 19/-; 4b6 £10-10-6; 4b7 £2-12-6; 4b9 £4; 4c1 £12-3-0; 4c3 £1-7-4; Dr. Gerrie v. d. Merwe £8-15-0; 5a £9-1-3; 5a1 £5-2-6; 5a2 £2-0-6; 5a3 £2-15-9; 5a6 £12-15-9; 5a7 £5-2-6; 5a8 £2-0-5.

Spesiale Bydrae: Mev. Olivier £1; Mev. Olivier £1; Dr. van Reenen £10; D. Naude £10; Hoofkwartier Pta. £3; S. J. Hofmeyr (mev.) £5. Totaal £169-18-4.

**Gebied „C"**

**Vanaf 25 Mei 1944 tot 25 Junie 1944**

Kom. C: 2b6 £1-7-0; 2c8 £2-3-9; 3b8 £6; 5c6 £2; 5a3 en 5a8 £16-13-0; 5b7 £3-10-6; 5d1 £3-18-0; 6c8 12/6; 6d6 10/-; 8a6 £4; 8a7 £3; 8b6 17/6; 8d6 £3; 9b1 £2; 9b2 £5-2-1; 9b6 £4; 9d1 £1-10-0; 10a7 £2-4-4; 10b6 14/3; Generaalskap C11 £28-7-10; Hoofkwartierstaf 9/-; L. Boulogne,

## Skeurbevel Misluk in Gebied B

Sover ons kan agterkom, het die hernude oorlogsverklaring nog geen effek op die Brandwagte van hierdie Gebied nie en indien dit wel 'n uitwerking het dan is dit net die teenoorgestelde as wat die politici bedoel, skryf ons korrespondent uit Oos-Kaapland. Met die feesviering op Aberdeen waar 'n pragtige gees van eensgesindheid geheers het, is 'n boodskap aan die ander kommando's gestuur dat Aberdeen-kommando geen Badoglio's meer het nie. Dieselfde gees en gesindheid is ook aangetref op Pearston.

So is daar in Cradock ook 'n sekere oom Chrisjan Els, 'n invalide wat altwee sy bene verloor het, en voorheen baie vir die Nas. Party gedoen het. Sy grootste teleurstelling was dat hy weens siekte nie die plaaslike kommando-fees op 7 Augustus kon bywoon nie, maar hy het 'n boodskap gestuur om te sê dat hy trou by die Volksbeweging en die volk sal staan en dat hy hulle ook versoek om trou te bly staan en voort te gaan op die weg wat hulle gekies en ingeslaan het tot hiertoe, want alleen langs daardie weg lê die oorwinning vir die Afrikanervolk.

## VRUGBARE LAERTREK TE ALEXANDRIA

Van 18 tot 28 Julie het die Boerejeug en O.B.-Wag van Gebied B laer getrek te Boesmansriviermond. Die laertrek het onder bevel van hfkomdt. A. P. van Heerden geskied, bygestaan deur wagkolonel Botha en maj. Nachenins. Besoekers uit verskeie dele van Gebied B het die laertrek besoek, o.a. ook hfgenl. Fourie en genl. Bellingan . Hierdie offisiere het die laertrekkers met boeiende toesprake besiel, terwyl nuttige lesings gehou is deur hfkomdt. Van Heerden en hfkomdt. W. P. van der Merwe, Stafhoof van Gebied B.

'n Groot lap doringbome wat 'n groot pes in hierdie deel van die land is, is uitgeroei.

Besiel deur die kamp het plaaslike offisiere dadelik oorgegaan tot die aankoop van 'n morg grond en dit uitgelê as feesterrein, wat ook tot die beskikking van ander Afrikanerorganisasies sal wees. Die terrein is sirkelvormig uitgelê met vlag- en banierpale, verkoopkraampies, ens., alles kompleet en gereed vir 'n 8 Augustus-funksie. Generaalskap Port Elizabeth (genl. Bellingan) het besluit om 'n mooi stuk grond aan die Boesmansrivier aan te koop en dit uit te lê as laerterreine vir eenhede van Gebied B. Die klimaat is pragtig en die terrein kan feitlik dwarsdeur die jaar gebruik word. Dit word in gereedheid gebring vir 'n massa-laertrek in Desember van alle afdelings van die Port-Elizabethse generaalskap: manne- en vroue-kommando's, O.B.-wag en Boerejeug (seuns en dogters).

Met waardering word ten slotte melding gemaak van die pragtige samewerking verleen deur die offisiere van Alexandria wat die laer ruimskoots voorsien het van groente en ander benodighede. (Ingestuur).

Bloemfontein 10/-; Mnr. Alfonds Lombard, Vryburg £20; Boerejeugkommando C5b6J 10/-. Totaal £112-19-0.

**BOEREJEUG-NOODHULPFONDS**

**25 Junie tot 25 Julie 1944.**

**Gebied „A"**

JA3b2 15/6; JA3c8 £1; JA11a1 16/-; Ja13a2 £2-14-6; Lettie Nienaber, Grootfontein 5/-. Totaal £5-11-0.

**Gebied „B"**

JB3a2 (maandelikse bydrae) 10/-; JB3a2 (Maandelikse bydrae) 10/-. Totaal £1.

**„Gebied „E"**

Offisiersdaar JE £1-15-0; JE2a7 12/9; Offisiersraad JE £1-15-0; JE2a7 12/9 10/-. Totaal £7-11-9.

**Gebied „F"**

JF5a3 18/-; JF6a6 £2-10-0; JF6b6 £2-4-5; Bydrae as erkenning vir optrede van Johan van Rensburg £26. Totaal £31-12-5.